

12 November

2 Petrus 1:1-20 (1:3)

Lewe in die lig van die Bybel

Aanvaar u die Bybel se gesag as handboek vir u lewe? Kyk na u lewe: Die Here sê ons moenie van die samekomste van die gemeente wegbly nie, maar ons kom kerk toe wanneer ons behoefte daaraan het. Die Here sê jy mag nie steel nie, maar ons sê: besigheid is besigheid, jy moet skep as dit reën en die Bybel kan tog niks sê vir die moderne ekonomie nie: Die Here sê jy mag nie egbreek pleeg nie, maar ons skei wanneer ons wil. Daarom groei ons nie geestelik nie, word ons negatief, bang vir more en is ons magteloos in die wêreld.

Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Om te lewe en God te dien kan net gebeur as ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. Petrus bemoedig die gelowiges teen die dwaalleer wat beweer dat dit nie belangrik is hoe die gelowiges lewe nie, want die genade kan alle sonde vergewe. Dit lei tot 'n losbandige lewe sonder enige geestelik groei. Hierteenoor het Hy alles (Woord en Gees) vir ons gegee om die verderf te ontvlug wat deur begeerlikheid werksaam is sodat ons deel kan kry aan die Goddelik natuur. En daarom moet ons alles in die stryd werp om ons geloof te verryk met deugsaamheid, met kennis, met selfbeheersing, met volharding, met godsvrug, met liefde onder mekaar en met liefde vir alle mense. Dit is geloofsgroei waar die godsalige lewe van die gelowige bewys dat God hom geroep en verkies het. Iemand wat dit nie doen nie is kortsigtig en blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is. Ken Hom deur sy Woord wat deur die Heilige Gees geïnspireer is en soos 'n lamp in 'n donker plek skyn. Bly in hierdie lig tot die wederkoms van Jesus Christus en bid die Heilige Gees om u verstand te verlig wanneer u die Bybel lees sodat u Hom kan gehoorsaam.

Sing: Psalm 40:4

Dr. S.J. van der Merwe (Duineveld)